Acanthospermum hispida (Tsumeb-onkruid) en Emex australis (duiwelsdis, Stechampfer)

E: bristly/ upright/eightseed/ hispid starbur, goat's head A: sterklits, regop sterklits, Tsumeb-onkruid, kleinkankerroos,

Kruidagtige struikie van tot 60 cm hoog

saadaanleg van die kant gesien en blom

droë stervormige saadaanleg

Meeste van ons (boere) ken hierdie baie onsmaaklike onkruid; ons hou niks daarvan nie, dis eintlik 'n pes afkomstig van sentrale en suidelike Amerika, ingebring met ingevoerde voer uit daardie gewestes. Dit is eenjarig en hou daarvan om in kamphoeke, voor hekke en in landerye die oppervlak in te neem. Dit kan so dig groei, dat nog mens nog die daar kan loop. Na die somer word dit droog en gooi sy sade, wat dan in die grond ingetrap word. In goeie reënjare groei dit baie geil, in droë jare klein en pieperig, **MAAR dit maak saad!** En die sade kom op die volgende groeiseisoen en siedaar, alles staan weer vol Tsumeb-kruid, **niks anders tussenin nie!**

Vir boerderye kan dit nogal skade berokken, veral boere wat vesel (bv. wol, katoen) produseer; as die klitse die vesel besmet, word dit afgegradeer of glad nie gekoop nie. Dan kan jy dit net nog in dongas gooi om erosie te verminder

Ons plaasvrouens kan 'n drama maak, as die manne se sokkies , truie en baadjievoerings vol klitse is! (Manne, maak tog gebruik van PH (professional hunter)-sokkies, dit sal jou baie ergernis spaar)

Ook. vir langharige honde en katte is die klitse nie 'n grap nie, hulle kry dit nie uit hulle velle uitgelek,of uitgekrap nie,(dan sit dit later in ons meubels se kussings en/of matte as die diere daar gaan lê)

Dis PH-sokkies

Soos maar orals en alles het die Tsumeb-onkruid ook 'n positiewe kant , dit kan **medisinaal** gebruik word: die sap van jong stingels en blare op oop wondes en skrape, 'n worteltee teen hoes en bronchietis,, gekookte blaretee verlaag koors en laat sweet die siek person en dit genees diaree. Ook rumatiek en arthrietis, migraine, maagongesteldhede en selfs lepra word met hulp van hierdie onbeminde plant genees…..goed om te weet!

:

In Suidafrika is dit 'n amptelik verklaarde onkruid. Nou, wat is eintlik 'n onkruid?

'n Onkruid is 'n plant wat op die verkeerde tyd op 'n verkeerde plek groei.
Enige plant kan 'n onkruid wees, of dit nou mooi, lelik of skaars is, selfs ook gewasse soos mielies en koring.
Om 'n onkruid te wees moet dit 'n ergernis wees, ten minste soms.

Inligtingsbronne: Probleemplante en Indringeronkruide van Suid-Afrika (Clive Bromilow)
Wikipedia (Google) , Johan du Plessis (Dankie)

Teks en fotos: Anka Eichhoff Foto van PH-sokkies: HS Eichhoff (Danke) Junie 2017